

MIKRO

WERK EN SKEP

# PROSPEKTUS

LAERSKOOL MIKRO

# INHOUDSOPGAWE


1. ‘N WOORD UIT DIE KANTOOR

2. WAAROM DIE LAERSKOOL MIKRO AS KEUSE VIR U EN U KIND(ERS)?

3. DIE GESKIEDENIS VAN LAERSKOOL MIKRO

4. VISIE

5. MISSIE

6. SKOOLLIED

7. SKOOLWAPEN EN LEUSE

8. SKOOLURE

9. ANDER INLIGTING

10. TOELATINGSPROSEDURE

11. AANSOEKPROSEDURE

12. SKOOLFONDS

13. KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

14. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

15. OUERBETROKKENHEID

16. SKOOL- EN SPORTDRAG: VERSKAFFERS

17. LAERSKOOL MIKRO SKOOLDRAG: GRAAD 1 – 7

18. KOORDRAG

19. SPORTDRAG

20. MIKROMAKKER - NASORDGIENSTE

## 1. 'N WOORD UIT DIE KANTOOR



Baie welkom by Laerskool Mikro! Hierdie prospektus sal vir u insae gee oor ons skool se werkswyses en trotse kultuur wat oor die afgelope 50 jaar gevestig is. As enkelmedium Afrikaanse skool, glo ons in die waarde van moedertaalonderrig as die bousteen van kwaliteit opvoeding.

By Mikro heers 'n familie-gevoel wat daartoe bydra dat personeel, ouers en leerders met trots hul deel doen om die skool te bemark. 'n Toegewyde personeelkorps sien daagliks met deernis om na die ongeveer negehonderd leerders in ons sorg. Met die vyf Mikro-waardes naamlik Mededeelsaamheid, Integriteit, Kreatiwiteit, Respek en Omgee, as ons riglyn, poog ons om die leerders in totaliteit te onderrig en op te voed tot gebalanseerde en gelukkige individue.

'n Gebalanseerde benadering bring mee dat ons leerders op akademiese-, kultuur- en sportgebied pragtige prestasies behaal. Gesonde samewerking tussen die skoolbestuurspan en die beheerliggaam, verseker dat besluitneming op 'n objektiewe en deursigtige wyse geskied.

Ons het toegang tot genoegsame ondersteuningsdienste om leerders by te staan en beskik ook oor 'n goed toegeruste inligtingsentrum wat aan die leerders blootstelling aan gevorderde rekenaartegnologie gee.

Elke leerder in die skool se belange word op die hart gedra en deurlopende ouerbetrokkenheid maak goeie samewerking moontlik. Met ons slagspreuk "*Waar kind nog kind kan wees*", as basis, floreer ons leerders in 'n gemaklike leeratmosfeer. Ons is trots op die kwaliteit van ons leerders wat die skool na graad 7 verlaat om hul merk in die verskillende hoërskole te maak.

Deur verskillende projekte maak Laerskool Mikro ook 'n positiewe verskil in die breër gemeenskap. Ons vertrou dat alle nuwe ouers en leerders gou sal tuis voel as deel van die Mikro-familie.

Mikro-groete!

Louis Mouton
Skoolhoof

## 2. WAAROM DIE LAERSKOOL MIKRO AS KEUSE VIR U EN U KIND(ERS)?

- 'n Kindgerigte onderrigbenadering waar kind nog kind kan wees.
- 'n Unieke ouerbetrokkenheid waar die ouer groot inspraak het in die totale skoolstruktuur.
- 'n Familiegevoel waar elke betrokkene se stem gehoor word.
- 'n Goed opgeleide personeel wat persoonlike aandag nastreef.
- ‘n Georganiseerde skoollewe waar u kind in geborgenheid aangespoor word tot optimum prestasie.

Laerskool Mikro mag ‘n relatiewe klein skool wees, maar ons het ‘n groot hart en reuse-drome vir ons leerders!

## LAERSKOOL MIKRO BIED

- Uitstekende akademiese onderrig
- ‘n Dinamiese personeel wat uitstekend toegerus is vir hul taak
- Bied aan elke kind die geleentheid om volgens sy / haar eie vermoëns te presteer
- Remediëring deur bekwame onderwysers – LSEN
- ‘n Uitstekend, toegeruste inligtingsentrum met die beste programmatuur
- Toegeruste STEM-klas
- Junior en Senior kore, redenaars- en Eisteddfodafrigting
- Leerders wat Omgee (LWO)
- Atletiek, krieket, tennis, rugby, netbal, hokkie, bergfiets, landloop en skaak
- Leierskapontwikkeling
- Opvoedkundige uitstappies
- Entrepreneurskap – Markdae
- Erkenning aan alle leerlinge vir deelname aan enige skoolaktiwiteit sowel as buite-aktiwiteite
- Ouerbetrokkenheid – Ouers wat Omgee (OWO) en Kos@Mikro



## 3. DIE GESKIEDENIS VAN LAERSKOOL MIKRO

Die Laerskool Mikro het sy deure in Januarie 1972 geopen met mnr. Ronnie de Bruyn as eerste skoolhoof. Die skool het met 296 leerders en 12 opvoeders begin. Die skool is deur die Onderwysdepartement as ‘n Afrikaans enkelmedium skool geregistreer en is op 12 Oktober 1972 amptelik deur mnr. Fanie Theron, die onderwyshoof, geopen

Die skoolgemeenskap het die skool vernoem na C.H. Kühn, in lewe ‘n inwoner van Kuilsrivier, die skoolhoof van Hoërskool Kuilsrivier (tans Hoërskool De Kuilen) en ‘n bekende skrywer van meer as 100 jeugverhale onder die skuilnaam MIKRO. Die versameling boeke wat uit sy pen verskyn het, word in die “Mikrokas” by die skool bewaar.

Laerskool Mikro staan bekend staan as ‘n waardegedrewe skool. Daarom vorm ‘n stel goeie waardes vir baie jare deel van ons skool se daaglikse bedrywighede. Ons fokus veral op die volgende:

**M**ededeelsaamheid
**I**ntegriteit
**K**reatiwiteit
**R**espek en
**O**mgee.

Ons skoolvisie se oorsprong begin by ons skool se leuse:
**WERK EN SKEP**

## 4. VISIE

Hardwerkende, skeppende, gebalanseerde individue!

## 5. MISSIE

Die Laerskool Mikro streef om:

### DIE KIND

- doelgerig en optimaal,
- gebaseer op gesonde waardes,
- deur verantwoordbare, demokratiese deelhouerinspraak en bestuur,

in totaliteit te onderrig en op te voed tot 'n gebalanseerde en gelukkige individu.

## 6. SKOOLLIED

Werk en skep, Werk en skep
Dis die leuse van ons skool
Met ons visiere vér gestel
wil ons elke skooldag nader.
Dat ons aan ons leuse
reg kan laat geskied.
Mikro, wat 'n voorreg
om by jou my jare te kan deurbring.
Waar ek gaan of my begewe
Wil ek trots opreg en eerlik
my beskeie deeltjie bydra
tot ons leuse werk en skep.




## 7. SKOOLWAPEN EN LEUSE


### ONTWERPER: Dr. C. Pama

### SIMBOLE

Hoewel letters nie in wapens gebruik word nie, is daar in Europa, en veral in Duitsland, die neiging om 'n heraldiese figuur te gebruik wat sprekend is en aan 'n letter herinner. Om hierdie rede is die skild hoekig in drie verdeel, wat 'n soort M (Mikro) voorstel. Hieraan is 'n skildhoof toegevoeg en daarop 'n skryfveer (verwysing na die skrywersberoep van Mikro) en twee heraldiese fonteine ('n toespeling op die naam "Cuylen").

### LEUSE (WAPENSPREUK)

By die leuse, nl. WERK EN SKEP, is aan Mikro gedink. Dit bevestig die groot waarheid dat geen skepping, van watter aard ook al, tot stand kom tensy dit voorafgegaan word deur harde werk nie.



## 8. SKOOLURE

| | | |
|---|---|---|
| Graad R: | Maandae tot Vrydae | 07:40 - 12:30 |
| Graad 1 - 2: | Maandae tot Vrydae | 07:40 - 13:00 |
| Graad 3: | Maandae, Dinsdae en Vrydae | 07:40 - 13:00 |
| | Woensdae en Donderdae | 07:40 - 14:15 |
| Graad 4 - 7: | Dinsdae | 07:40 - 13:00 |
| | Maandae, Woensdae, Donderdae en Vrydae | 07:40 - 14:15 |

## 9. ANDER INLIGTING

| | |
|---|---|
| Standplaas: | Spruitstraat 26<br>KUILSRIVIER |
| Posadres: | Laerskool Mikro<br>Posbus 53<br>KUILSRIVIER<br>7579 |
| Telefoonnommer: | 021 - 903 3126 |
| E-pos: | info@laerskoolmikro.co.za |
| Webtuiste: | www.laerskoolmikro.co.za |
| Aantal leerders in skool: | (Gr. R - Gr. 7) ± 896 |
| Skoolhoof: | Mnr. Louis Mouton |
| Adjunkhoof: | Me. Annarie Spreeth |
| Interne Adjunkhoof Gondslagfase: | Me. Thea Jordaan |
| Senior Bestuurspan: | Mnr. Louis Mouton<br>Me. Annarie Spreeth<br>Me. Thea Jordaan<br>Mnr. Johan Vermeulen<br>Mnr. Henk Wichers<br>Me. Anje Boshoff<br>Me. Danike Smith<br>Mnr. Dennis Conradie |
| SBL Voorsitter: | Mnr. Christiaan van Wyk |
| SBL Onder-voorsitter: | Mnr. Lou Hofmeyr |

## 10. TOELATINGSPROSEDURE

Die toelating van 'n leerling tot die skool is onderhewig aan die vereistes van die doelstellings, missie en visie van die skool.

- Leerders wat binne ons tradisionele bedieningsgebied woonagtig is en voldoen aan ons toelatingsbeleid soos vervat in die prospektus, kry voorkeur.
- Leerders wat buite ons tradisionele bedieningsgebied woonagtig is, se ouers sal skriftelik in kennis gestel word of die aansoek om toelating geslaag het.

Soos voorgeskryf deur die WKOD mag die volgende ouderdomsperk per graad nie oorskry word nie:

| | |
|---|---|
| **Graad R:** 6 jaar | **Graad 1:** 7 jaar |
| **Graad 2:** 8 jaar | **Graad 3:** 9 jaar |
| **Graad 4:** 10 jaar | **Graad 5:** 11 jaar |
| **Graad 6:** 12 jaar | **Graad 7:** 13 jaar |

- Gedrag en skolastiese vordering moet na wense wees.
- Ouers onderneem om die voorgestelde skoolfonds te betaal.

## 11. AANSOEKPROSEDURE

Om deel van die Mikro-familie te word, kan die volgende prosedure gevolg word:
Neem asseblief kennis dat aansoeke vir 2023 vanaf 14 Maart tot 15 April 2022 aanlyn by die WKOD se webblad gedoen moet word by https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions-201920. Sluitingsdatum vir aansoeke is 15 April 2022. Bewys van aanlynaansoek tesame met die ondersteunende dokumentasie moet ook teen 15 April 2022 by die skool ingehandig word (geen e-posse). Eers daarna sal die proses t.o.v. goedkeuring, al dan nie, begin. Die uitslag van die aansoek sal op die aanlynsisteem verskyn sodra dit afgehandel is.

Alle aansoeke moet vergesel word van:

- Afskrif van leerder se geboortesertifikaat & kliniekkaart
- Paspoort grootte foto van leerder (GEEN afskrifte)
- Afskrif van leerder se huidige skoolrekening, oorplasingsvorm & nuutste rapport
- Bewys van woonadres
- Afskrif van beide biologiese ouers se ID-dokumente (paspoort dokument word NIE AANVAAR NIE)
- By 'n eerste inskrywing (m.a.w. geen boeties of sussies reeds in die skool) moet 'n gewaarmerkte afskrif van 'n munisipale rekening of 'n gesertifiseerde bewys van die huidige vaste adres, die vorm "Aansoek om Toelating" vergesel.

Aansoeke vir die volgende jaar open gedurende Februarie en sluit teen einde Maart, volgens datums bepaal deur die WKOD. Suksesvolle aansoeke word skriftelik in kennis gestel teen die einde van die tweede kwartaal. Die toelatingsbeleid vir Laerskool Mikro word bepaal deur die Beheerliggaam aan die hand van die SA Skolewet, nr. 84 van 1996 en die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Nr. 27 van 1996 asook Pronvinsiale Wetgewing.

## 12. SKOOLFONDS

Die finansies van die skool word konserwatief bestuur en is jaarliks aan 'n eksterne ouditproses onderworpe. Ons poog om onderwys en ontwikkelingsgeleenthede van uitstaande gehalte vir die leerders te skep. Die skool word egter finansieel op 'n beperkte mate deur die staat ondersteun en daarom moet ons dit self op 'n finansieel haalbare grondslag bestuur.

Die betaling van skoolgelde is nodig sodat die skool effektief kan funksioneer. Uitgawes soos vervoer, sporttoerusting, ekstra opvoeders, administratiewe personeel en ander uitgawes wat nie deur die WKOD betaal word nie, moet uit die skoolfonds verhaal word. Hiervoor is ons van die ouers se verpligte bydrae afhanklik. Die fondse word deur die Beheerliggaam bepaal en beheer en word in direkte belang van u kind aangewend. Ouers wat finansiële nood ervaar, kan ná ontvangs van 'n skriftelike aansoek, algeheel of gedeeltelik vrygestel word t.o.v. betaling.

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en mag nie agterstallig raak nie. Betalings kan eenmalig of in paaiemente aangebied word. U word aangemoedig om gelde elektronies te betaal (EFT) of van die debietorderstelsel gebruik te maak. Kleiner bedrae, bv. Fondsinsamelings, civvies, kampe ens. kan deur middel van die KARRI-TOEP betaal word.

Neem asb. kennis dat die skoolgelde en musiek- en ekstra kunsgelde in dieselfde rekening inbetaal word. Gebruik asseblief u unieke rekeningnommer vir skoolgelde soos op u staat aangedui.

## SKOOLFONDS, MUSIEK EN KUNSGELDE

| | |
|---|---|
| Reknaam: | Laerskool Mikro |
| Bank: | ABSA |
| Takkode: | 632005 |
| Rekno: | 1006242380 |
| Verwysing: | Unieke verwysingsnommer soos op rekeningstaat |

## 13. KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

Laerskool Mikro se akademie is ‘n fokuspunt. Ons poog om die beste leerkragte aan te stel wat ‘n stewige fondament vir ons leerders en hul toekoms lê. Verskeie hoërskole ontvang ons leerders met ope arms. Ons oud-skoliere haal gereeld in graad 12 die WKOD se merietelys.

### GRONDSLAGFASE (Gr. R – 3)

Die KABV word gevolg. Geen eksamen word geskryf nie. Deurlopende assessering (evaluering) vind plaas dwarsdeur die jaar. ‘n Getikte rapport word elke kwartaal ontvang.

### INTERMEDIÊR EN SENIOR FASE (Gr. 4 – 7)

Die KABV word gevolg. Eksamens word geskryf gedurende Junie en Desember. Deurlopende assessering vind dwarsdeur die jaar plaas. ‘n Getikte rapport word elke kwartaal ontvang.

### DIDAKTIESE HULP/LEERONDERSTEUNING

Hulpverlening aan leerders met leemtes t.o.v. Lees, Spelling, Wiskunde, Skriftelike Werk en Taalervaring deur leerondersteuningspersoneel en privaat Remediërende/Spraak opvoeders.

### INLIGTINGSENTRUM/INTERAKTIEWE ONDERRIG


Die woord inligting kan met vrug uitgeleef word in hierdie ruimte. Die boek en rekenaar as inligtingsbron is tot die leerders se beskikking gedurende skooltyd en middae. Leerders kan ook deur middel van e-pos inligting na en vanaf die skool kommunikeer.

Die benadering tot interaktiewe onderrig is ook ‘n werklikheid in die klaskamers.

### STEM-LOKAAL (Science, Technology, Engineering, Mathematics)

In die unieke STEM-lokaal ontvang leerders weekliks praktiese klasse wat verskeie aspekte rakende die wetenskap, tegnologie en wiskunde aanraak.





# 14. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

## SPORT

Laerskool Mikro glo in die holistiese ontwikkeling van 'n kind en moedig maksimale sportdeelname aan. 'n Gebalanseerde opvoeding word deur 'n goeie sportprogram ondersteun, dus bied die skool verskeie sportkodes aan.
Somer : Atletiek, Tennis, Krieket, Skaak
Winter : Rugby, Netbal, Hokkie, Skaak

## VERENIGINGS EN KLUBS

Leerderraad, Mediaprefekte, Leerders wat Omgee (LWO), Kuns, Skaak, Avontuurklub, Redenaars, Fotografie en Robotika.

## KORE

Die Laerskool Mikro het 'n Senior en Junior Koor wat al by verskeie geleenthede opgetree het en pryse behaal het.

## EISTEDDFOD

Eisteddfod-afrigting vind vanaf die einde van Kwartaal 1 plaas terwyl daar gewoonlik in Junie en Augustus aan die Eisteddfod deelgeneem word. Ander items waaraan deelgeneem kan word, is Voordrag, Prosa, Poësie, Kuns en Musiek.










## 15. OUERBETROKKENHEID

Een van ons skool se doelstellings is om te streef na 'n gesonde inter ouer-, leerder- en opvoederverhouding.

### OUERS WAT OMGEE (OWO)

Ouers wat Omgee (OWO) is ‘n groep ouers wat uitreik na ouers en leerders van die skool wat in nood verkeer. Hierdie ouers bedryf die skool se klerewinkel en samel so fondse in om soedoende weer terug te kan ploeg in die skoolgemeenskap.

### OUERKOMITEE EN KLASVERTEENWOORDIGERS

Die ouerkomitee word saamgestel uit graadverteenwoordigers wat deur die klasverteenwoordigers gekies word. Die klasverteenwoordigers is die skakel tussen die onderwyser en die ouers. Die ouerkomitee verteenwoordig alle ouers en vergader een keer per kwartaal. Die komitee bied hul hulp aan by verkopings (bv. Kos@Mikro) en ander funksies wat aangebied word.

## 16. SKOOL- EN SPORTDRAG: VERSKAFFERS

Die amptelike verskaffers van **nuwe** skool- en sportdrag is:

**DE JAGERS** (Alleen verskaffers van die veeldoelige sportsak)
Zevenwacht Winkelsentrum
KUILSRIVIER
021 903 3345

**MIKROTIQUE** (Alleen verskaffers van Interhuis T-hemde)
Platanusstraat 17
KUILSRIVIER
Louwina Wiese: 021 903 7719 of 083 460 2195

Die klerewinkel verskaf:
• Hokkie-/Netbal-/Atletiekdrag
• Skoolsweetpakke/Mikro Reënbaadjies/Skoolbaadjies
• Skooltasse/hokkiesakke/sportsakke

**OUERS WAT OMGEE** (Verkoop **tweedehandse** skool- en sportdrag)
Op skoolperseel
Esanne Horn: 079 887 4955

# 17. LAERSKOOL MIKRO SKOOLDRAG: GRAAD 1 – 7

Somersdrag word gedurende die eerste en vierde kwartaal gedra en wintersdrag gedurende die tweede en derde kwartaal. Gedurende die maande **APRIL** en **SEPTEMBER** mag òf winters- òf somersdrag gedra word nadat amptelike toestemming gegee is. **Die twee mag egter nie gemeng word nie.**

## SOMERSDRAG

### Graad 1 – 3 (Seuns)



**Somer**

- Wit oopslaanhemp met kortmoue.
- Kort, grys broek of lang grys broek met 'n swart gordel (normale gespe)
- **Slegs Gr. 1-3 mag kaalvoet loop**
- Swart toerygskoene met lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Skoolbaadjie en/of maroen Mikro skooltrui/Mikro reënbaadjie/oortrui met M. Wanneer kaalvoet, mag die skoolbaadjie/reënbaadjie nie gedra word nie

### Graad 1 – 3 (Dogters)



**Somer**

- Wit oopslaan kortmouhemp.
- Maroen voorskootrok
- **Slegs Gr. 1-3 mag kaalvoet loop**
- Swart skoolskoene met kort, wit sokkies
- Skoolbaadjie en/of maroen Mikro skooltrui/Mikro reënbaadjie. Wanneer kaalvoet, mag die skoolbaadjie/reënbaadjie nie gedra word nie

# SOMERSDRAG

## Graad 4 – 7 (Seuns)



### Somer

- Wit oopslaanhemp met kortmoue
- Kort, grys broek of lang grys broek met 'n swart gordel (normale gespe)
- Swart toerygskoene met lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Skoolbaadjie en/of maroen Mikro skooltrui/Mikro reënbaadjie/oortrui met M

## Graad 4 – 7 (Dogters)



### Somer

- Wit oopslaan kortmouhemp
- Maroen voorskootrok
- Swart skoolskoene met kort, wit sokkies
- Skoolbaadjie en/of maroen Mikro skooltrui/Mikro reënbaadjie

# WINTERSDRAG

## Graad 1 – 7 (Seuns)



### Winter

*Opsie 1:*

- Wit toekraag langmouhemp of kortmou kraaghemp met skooldas
- Lang of kort grys broek met 'n swart gordel (normale gespe)
- Lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Swart toerygskoene, skoolbaadjie en/of Mikro skooltrui/oortrui met die M, Mikro reënbaadjie

## Graad 1 – 7 (Dogters)



### Winter

*Opsie 1:*

- Wit toekraag langmouhemp of kortmou kraaghemp
- Skooldas
- Maroen voorskootrok
- Lang grys kouse met skoolkleure in omslag of lang swart kouse (geen wit sokkies onder swart kouse)
- Swart skoolskoene, skoolbaadjie en/of Mikro skooltrui/oortrui met die M, Mikro reënbaadjie

# WINTERSDRAG

## Graad 1 – 7 (Seuns)



### Winter

*Opsie 2:*

- Mikro sweetpak (baadjie en broek)
- Wit skoolhemp (langmou of kortmou) sonder das
- Kort wit sokkies, oorheersend wit tekkies (geen platformskoene), Mikro reënbaadjie (mag slegs bo-oor volledige sweetpak gedra word)

## Graad 1 – 7 (Dogters)



### Winter

*Opsie 2:*

- Mikro sweetpak (baadjie en broek)
- Wit skoolhemp (langmou of kortmou) sonder das
- Kort wit sokkies, oorheersend wit tekkies (geen platformskoene) Mikro reënbaadjie (mag slegs bo-oor volledige sweetpak gedra word)

## LET WEL:

Opsie 1 en 2 by wintersdrag mag nie gemeng word nie.
Wanneer kaalvoet, mag die skoolbaadjie/reënbaadjie nie gedra word nie.

- Reënjasse: Mikro reënbaadjie
- Serpe: Maroen skoolserp
- Slegs skooltruie/oortruie met die M mag gedra word
- Haarstyle moet pas by skooluniform

# 18. KOORDRAG (JUNIOR KOOR EN SENIOR KOOR)










## SOMERSDRAG JUNIOR

### SEUNS

- Wit kortmouhemp
- Grys kortbroek
- Lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Swart gordel
- Swart toerygskoene

### DOGTERS

- Wit kortmouhemp
- Maroen voorskootrok
- Swart skoolskoene met kort, wit sokkies

## WINTERSDRAG JUNIOR

### SEUNS

- Wit toekraag langmouhemp
- Skooldas
- Grys langbroek
- Swart toerygskoene
- Lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Mikro oortrui

### DOGTERS

- Wit toekraag langmouhemp
- Skooldas
- Maroen voorskootrok
- Swart skoolskoene met lang, grys kouse

## SOMERSDRAG SENIOR

### SEUNS

- Wit kortmouhemp
- Grys kortbroek
- Lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Swart toerygskoene
- Mikro skoolbaadjie

### DOGTERS

- Wit kortmouhemp
- Maroen voorskootrok
- Swart skoolskoene met kort, wit sokkies
- Mikro skoolbaadjie

## WINTERSDRAG SENIOR

### SEUNS

- Wit toekraag langmouhemp
- Skooldas
- Grys langbroek
- Swart toerygskoene
- Lang grys kouse met skoolkleure in omslag
- Mikro skoolbaadjie

### DOGTERS


- Wit toekraag langmouhemp
- Skooldas
- Maroen voorskootrok
- Swart skoolskoene met lang, grys kouse
- Mikro skoolbaadjie

# 19. SPORTDRAG

## KLEURATLETIEK
## SEUNS EN DOGTERS

- Interhuishemp/ Mikro atletiekfrokkie
- Maroen/wit kortbroek





## ATLETIEK TUSSEN SKOLE
## SEUNS EN DOGTERS

- Mikro atletiekfrokkie
- Maroen kortbroek




## MINI-KRIEKET
## (O/7 - O/9)

- Mikro hemp (hokkiehemp) en maroen kortbroek
- Bypassende tekkies en kort, wit sokkies



## KRIEKETWEDSTRYDE
## (O/10 - O/13)

- Mikrohemp (hokkiehemp) en maroen kortbroek
- Bypassende tekkies/krieketskoene en lang, wit skoolkouse
- 0/13A span: wit langbroek en kriekethemp (mag geborg word)




## MINI-TENNISWEDSTRYDE
## SEUNS

- Mikro kraaghemp en maroen kortbroek
- Bypassende tekkies en kort, wit sokkies

## DOGTERS

- Moulose Mikro-hemp en donkerblou broekrompie
- Bypassende tekkies en kort, wit sokkies




## TENNISWEDSTRYDE
## SEUNS

- Eerste span speel met geborgde klere (ontwerp verskil)

## DOGTERS

- Eerste span speel met geborgde klere (ontwerp verskil)




## RUGBYWEDSTRYDE

- Wit rugbybroek en maroen rugbytrui
- Geen rugbystewels nie - ons speel kaalvoet
- O/13 A-span speel met geborgde klere (ontwerp verskil)






## NETBALWEDSTRYDE

- Moulose Mikro-hemp en donkerblou broekrompie
- Bypassende tekkies en kort, wit sokkies
- O/13 A-span speel met geborgde klere (ontwerp verskil)






## HOKKIEWEDSTRYDE

## SEUNS

- Mikro-kraaghemp en maroen kortbroek
- Lang, wit skoolkouse
- Bypassende tekkies/hokkieskoene
- Mondskerms verpligtend





## DOGTERS

- Moulose Mikro-hemp en donkerblou broekrompie
- Lang, wit skoolkouse
- Bypassende tekkies/hokkieskoene
- Mondskerms verpligtend

## HOKKIEWEDSTRYDE

- O/13 A-span speel met geborgde klere (ontwerp verskil)





## BERGFIETSRY
## SEUNS EN DOGTERS

- Donkerblou en maroen fietsryhemp
- Swart fietsrybroek
- Tekkies of fietsryskoene






## L.O - PERIODE

- Interhuishemp met maroen kortbroek







## INTERHUISSPANNE

Spanne is vernoem na die plase in die omgewing.
U kind se span word bepaal deur die eerste letter van sy/haar van:

- A - G: Blou (Langverwagt-span)
- H - Q: Rooi (Saxenburg-span)
- R - Z: Geel (Zevenwacht-span)

## LET WEL

- Oefeninge kan in enige sportdrag beoefen word.
- Alle kledingstukke (skool- en sportdrag) moet behoorlik gemerk wees.

# 20. MIKROMAKKER-NASORGSENTRUM

Ons is baie trots op ons MikroMakker-Nasorgsentrum wat sy deure op 5 April 2022 geopen het. Mikro se nasorgsentrum fokus op die algehele welstand van ons leerders. Hier word ondersteuning gebied t.o.v. die afhandeling van huiswerk en voorbereiding van assesserings. Leerders word ook aangemoedig om aan die buitemuurse program van die skool deel te neem.

Die personeel handhaaf `n goeie leer-en-speel balans sodat leerders genoeg vrye tyd het om te ontspan. Sodoende word Mikro se slagspreuk, "Waar kind nog kind kan wees…", uitgeleef.  Die nasorg verskaf `n heerlike smulhappie wat na skool geniet kan word. Ons personeel is ook opgelei in noodhulp en handhaaf oop kommunikasie met die ouers en opvoeders van die  skool. Die leerders se veiligheid is van uiterste belang en dus word dit altyd as prioriteit gesien.

Die nasorgsentrum is skoolvakansies oop, behalwe gedurende die Desembervakansie. Tydens vakansies word kinders aan baie verskillende kreatiewe aktiwiteite blootgestel.

Die MikroMakker-Nasorgsentrum streef daarna om `n veilige en gelukkig omgewing vir u kind te bied.

Navrae: info@laerskoolmikro.co.za





